# Die implementering van 'n taalbeleid vir veeltalige onderrig: die uitbreiding van die aanleer en onderrig van isiXhosa met die doel op kommunikasie in onderwysopleiding

---

Suid Afrikaanse skole word al hoe meer veeltalig en leerders kom van agtergronde wat taalkundig uiteenlopend is, veral in die vorige Model-C skole (voorheen wit skole) waar die leerders van veskillende lewensterreine kom.

Hierdie studie is daarop gemik om studente onderwysers voor te berei op klaskamers wat taalkundig uiteenlopend is en fokus spesifiek op die oud-Model-C skole. Vervolgens het die studie 'n intensiewe isiXhosa onderrig module ontwikkel om Afrikaans- en Engelssprekendes in die B.Ed. Grondslagfase toe te rus met isiXhosa, vir kommunikasie doeleindes.

'n Ontwerp-gebasseerde navorsingsmodel [(DBR) design-based research] is gebruik omdat dit baie bruikbaar is om navorsing en die praktyk te kombineer. DBR kan oorweeg hoe om te onderrig en hoe om dit wat geleer is toe te pas. Studente onderwysers is waargeneem tydens hulle proefklasse en fokusgroep besprekings is ook daarna gehou.

Hierdie DBR studie het Herrington se vier-fase model gevolg oor 'n tydperk van twee jaar en twee herhalings, wat verskillende vorms van navorsing en intervensie omvat het. Die studie het bevind dat daar 'n behoefte bestaan om aaneenlopend onderwysers wat in veeltalige klaskamers kan werk, op te lei, sodat leerders ondersteun kan word deur onderwysers wat taalkundig bedag is in die voortbring van kennis.

Ten slotte het die studie opgedateerde ontwerpbeginsels ontwikkel en voortgebring ten einde die aanleer en onderrig van isiXhosa deur studente onderwysers by Suid Afrikaanse universiteite te verbeter.

---

Dr Sim Xeketwana
Promotor: Prof Maureen Robinson